

Donderdag 7 Augustus

Skrifgedeelte: Psalm 29

Fokusgedeelte: Psalm 29:1, 10, 11

Aanbid God wat met geweldige krag oor die natuur regeer en jou versorg!

Tot sewe maal toe weerklink “die stem van die Here” in hierdie psalm oor die aarde, met skrikwekkende gevolge vir die natuur! Geweldige watermassas beweeg met dreuning en die krag van ’n storm! Reuse sederbome word versplinter en berge spring rond soos uitbundige kalwers! Wanneer die regeerkrag van die Here geopenbaar word, breek bliksemstrale rotse met vuur uitmekaar! Woestyne gaan aan die bewe en wildsbokkooie gaan aan die lam. Die stem van die Here stroop bosse en bome kaal van blare! So geweldig is die mag van die Here (sy stem) wat Hy in die natuur openbaar!

Wie van ons het nog nie verstom gestaan oor die krag en die mag van die natuur nie? Geweldige storms, orkane, tsunami’s, vuur en wind laat die mens na sy asem snak wanneer hy sy eie kleinheid en onmag besef! So openbaar die Here ons God Homself as Koning ook deur die natuur! Hy heers oor die krag en mag van die natuur as Koning oor sy skepping.

Hoe reageer ons op die stem van die Here in die natuur? Die ongelowige wêreld gaan in verwondering oor “Moeder Natuur” en aanbid in wanhoop tot die natuurkragte om hulle te versorg en te beskerm! Die Here wil dat ons sal jubel en juig en God as Koning aanbid! Dat ons aan die Here die erkenning en eer sal gee vir sy magtige daade in en deur die natuur en dat ons Hom sal erken as Skepper en Onderhouer van die wêreld!

Saam met die hemelinge kan ons uitroep “Heerlikheid!” (vs 9) en ons Koning in verwondering aanbid! Want dit is nie “Moeder Natuur” wat aan ons lewenskrag en vrede gee nie, maar die Verbondsgod wat Hom so duidelik in Jesus Christus aan ons kom openbaar het! Deur die genadeverbond in Christus sorg die Koning van die skepping vir ons. Hy skenk ons lewenskrag en Hy skenk ons lewensvrede!

Kom ons jubel en juig elke keer as ons God se stem in die natuur hoor!

Sing: Psalm 104-1:19, 20, 21

Ds. P (Piet) Venter (Potchefstroom-Oos)